# DIFFERENSIASIE IN GESKIEDENIS AAN DIE SEKONDERE SKOOL TUSSEN HOER-, STANDAARD- EN LAERGRAADLEERLINGE (EN VERDERE INDIWIDUALISASIE)

N. DREYER
HOOF: ONDERWYSMUSEUM
TOD

## A. DIE PROBLEEM

Toe die praktiese kursus 'n eie sillabus gevolg het, was daar nooit leerlinge uit meer as twee Grade saam in een klas nie, maar met die nuwe sillabusse wat oor drie vlakke aangepas is, kan HG-, SG-, en LG-leerlinge saam in een klas gegroepeer word.

Om die maksimum aantal leerlinge met hul uiteenlopende vermoëns en belangstelling doeltreffend te onderrig, behoort spesiale aandag aan differensiasie selfs geïndiwidualiseerde differensiasie (indiwidualisasie) gegee te word.

Die metodiek van Geskiedenis behoort gedurig aangevul en verbeter te word om die groots moontlike sukses met die aanbieding te behaal. Vernuwing is altyd nodig. Ander, nuwe en beter idees, tegnieke en metodes behoort gevind, uitgetoets en gebruik te word.

Die volgende word voorgelê met die wete dat dit met die medewerking van die onderwysers nog verder verfyn en in die praktyk aangepas, uitgebou, afgerond, en dan in riglyne vasgelê sal moet word.

## B. DIE VLAK VAN AANBIEDING

Gedifferensieerde lesaanbieding in gemengde klasse betreffende die vakinhoudelike, feitemateriaal, detail en tempo van aanbieding skep probleme. Die sillabusinhoud kan nie slegs op die HG-vlak aangebied word nie - dit sal tot frustrasie by LG-leerlinge lei. Die omgekeerde sal 'n dergelike probleem by HG-leerlinge veroorsaak. Basies sal die aanbieding van detail op die SG-vlak toegespits moet wees sodat almal in die klas die les sal kan volg met latere differensiasie wat spesifiek vir die LG- en HG-leerlinge beplan sal moet word.

Wat die *ander aspekte* van die lesaanbieding soos vraagstelling en sekere tegnieke betref, is differensiasie wel moontlik en behoort gewis toegepas te word - ook indiwidualisasie. Dit stel egter groot uitdagings aan die didaktiese vaardighede van die onderwyser, wat elke les so sal moet beplan dat die leerlinge van elke vlak optimaal betrek en geaktiveer word, veral deur weldeurdagte leerlingdeelname en -aktiwiteite gedurende die lesperiode.

## C. DIE AANBIEDING

In die aanbieding word veral aan dié aspekte *wat die leerlinge nie self sal kan doen, kan vind, kan interpreteer en kan verstaan nie* aandag gegee en dít word behandel - anders kan hulle dit maar self uit 'n handboek versamel. Veral die *kern,* die *basiese* en dit wat daarby tuishoort en vir die leerling van belang is behoort aangebied te word (dus NIE alles oor 'n onderwerp nie). Die geskiedenis moet deur die onderwyser vir die leerling *interpreteer* word sodat hulle dan *verstaan* (begrip verkry) en uiteindelik tot insig kan kom.

Met die aanbieding moet verder daarna gestreef word om Geskiedenis vir die leerlinge *interessant* te maak, om hulle vir Geskiedenis lief te maak. Vir dié doel behoort die voorbereiding en beplanning van elke les besonsere aandag te ontvang. Nie net feite moet oorgedra word nie, maar die breë historiese strominge en sekere agtergrond behoort waar nodig (periodiek) aangebied te word.

Vir die doel van die metode van differensiasie wat hier staan behandel te word (oor die aspek van aanbieding) word die sillabus van 'n sekere standerd bestudeer, alle beskikbare handboeke gebruik en die jaar se werk in weke en temas ingedeel (as die werkskema nie reeds so ingedeel is nie). As 'n tema in minder as 'n week afgehandel kan word, kan dit aan 'n ander tema wat daarby pas, gekoppel word. As 'n tema langer as twee weke in beslag sal neem, behoort dit in 'n 2 + 1 of 2 + 2-weektema onderverdeel te word, byvoorbeeld: Die Franse Rewolusie word in ongeveer 35 periodes, dit wil sê in ongeveer vyf weke aangebied en kan in drie fases van 2, 2 en 1 week verdeel word. Die bedoeling is om na twee weke eers aandag aan sekere leerlingaktiwiteite te gee voordat die tema verder behandel word.

## D. HUISWERK

Dit sal bestaan uit werk wat die *basiese kennis,* dit wil sê, die kern omvat. Die huiswerk van die lesaanbieding, kan bestaan uit

- die hersaamstel (st. 6, 7) of saamstel (st. 8 - 10) van 'n skema.
- 'n werkopdrag gebaseer op die basiese kennis soos omskrywing van vakterme, (met 'n derde moontlike antwoord: Ek weet nie), meervoudigekeusevrae, eenwoordantwoorde, paringsitems, ens.

SKEMA - BASIESE KENNIS - DIE FRANSE REWOLUSIE

1. POLITIEKE OORSAKE

1.1 Absolute koningskap
- Koning besit alle staatsgesag
- Stuur mense sonder verhoor tronk toe

1.2 Karakter van koning
- Louis XVI woon buite Parys
- Ken nie behoeftes van volk
- Besluitloos, gebrek aan selfvertroue
- Deur adel en sy vrou beïnvloed

1.3 Uitsluiting van volk uit regering
- Geen volksverteenwordigers wat wette maak
- Geen State-Generaal (parlement)
- Burgery word politiekbewus - gebreke in regering val op

1.4 Voorbeeld van Engeland en VSA
Engeland -vrye verkose parlement
-beperkte koningskap
Amerikaanse kolonies -Sweer hul koning af

- Vrye verkose president aan hoof van volksverteenwoordigers
- Franse troepe veg aan kant van Amerikaners
- Bring nuwe politieke idees terug

1.5 Administratiewe verwarring
- Elke gebied of dorpie het eie regstelsel
- Nie een bestuurstelsel
- Nie eenvormige belastingstelsel
- Oneerlike insameling
- Geen of swak boekhouding
- Intendant verteenwoordig koning op platteland Alleen aan koning verantwoordelik

OF

VRAE - BASIESE KENNIS: DIE FRANSE REWOLUSIE

1. POLITIEKE OORSAKE
   1.1 As 'n koning alle staatsgesag besit, word dit 'n......................koningskap genoem.
   1.2 Die koning kon mense sonder.........na tronke toe stuur.
   1.3 Louis XVI het nie die behoeftes van sy volk geken nie want.......................
   1.4 Louis XVI het nie goed regeer nie:hy was besluiteloos en het 'n gebrek aan.......gehad.
   1.5 Hy is deur die..........en sy........in regeringsake voorgesê.

Hiervoor gebruik die leerlinge die klashandboek. Alle leerlinge van alle grade moet die werk voltooi en dit word deur die leerling self vanaf 'n geprojekteerde transparant of afgerolde memorandum nagesien. In st. 6 en 7 kan die basiese feite by afwisseling aan die leerlinge in afgerolde vorm gegee word. Ongeveer 33% van die vrae wat vir toetse en eksamens vir die *Laergraad* gestel sal word, sal hieruit geneem word.

## E. DIFFERENSIASIE

Juis omdat leerlinge uit al drie vlakke saam in 'n klas gegroepeer is, sal veral gedifferensieer word wat vraagstelling betref gedurende die

- aktualisering van die voorkennis.
- aanbieding
- kontrolefase.

Dan behoort daar verder geleentheid geskep te word vir die Hoërgraadleerlinge om onder leiding van die onderwyser, *self* verder na te vors en 'n dieper studie van die tema te maak. So ook behoort die Laergraadleerlinge deur die persoonlike aandag van die onderwyser op húlle vlak tot begrip gebring te word.

Die gedifferensieerde toepassing van die werk, kanegter nie by die huis gedoen word nie, want

- die ouers kan help deur die huiswerk self te doen (of glad nie help nie.)
- alle ouers het nie noodwendig die nodige bronne nie.
- nie alle ouerhuise het 'n aangename en geskikte studieplek nie.
- dit is ook nie werklike differensiasie as 'n leerling 'n halfuur langer as 'n ander leerling aan 'n opdrag bestee nie. Tyd behoort dus ook in aanmerking geneem te word.

Daarom moet in die klas voldoende tyd beskikbaar gestel word vir die uitvoer van sekere opdragte, vir navorsing en afronding van die behandelde tema deur die leerling.

Hierdie opdragte moet voldoen aan die vereistes van *differensiasie* en aan *elke* leerling die kans bied om volgens sy vermoë te presteer.

As ons differensiasie wil indiwidualiseer, beteken dit dat die onderwyser die vermoëns van elke leerling sal moet ken. Die inligting wat die onderwyser uit die leerling se Edlab- of sy voogkaart kan kry óf deur die leerling se huiswerk te evalueer, óf deur hom gedurende lesaanbieding en selfwerksaamhede in die klas waar te neem, sal baie daartoe bydra om die vermoëns van die leerlinge te peil.
Werklike differensiasie kan dus net plaasvind as

- dieselfte tydsduur aan 'n opdrag gewy word.
- gegradeerde opdrag aan leerlinge met uiteenlopende vermoëns gegee word.

Die vrae van so 'n gegradeerde opdrag sal van maklik na moeilik gegradeer word, iets wat ook die selfvertroue van die leerlinge sal versterk.

Die leerlinge word dus gevra om 'n werkopdrag wat in ongeveer twee *skoolperiodes*, voltooi kan word aan te pak. Die opdrag word in vier afdelings verdeel. Dieselfde opdrag word aan alle leerlinge gegee. Dit bevat vrae waarvan die leerling self die antwoord uit sy klashandboek kan kry, asook vrae wat bykomende feite vereis wat uit ander bronne, veral in die mediasentrum gevind kan word.

Alles wat die leerling nodig het om die werkopdrag in die klas te voltooi behoort byderhand te wees. So kan die onderwyser

- 'n bloklening uit die mediasentrum maak van alle bronne wat die leerlinge met vrug sal kan gebruik.
- 'n stel ou handboeke wat vir 'n vorige sillabus gebruik is aan die leerling uitdeel.
- materiaal bring om 'n spesifieke praktiese opdrag te voltooi.

Vrae wat onder andere vir die LG geskik is,

- is veral kortvrae.
- is hoofsaaklik reproduserend van aard.
- gaan om die basiese feitekennis en wat daarop gebaseer is.
- is op die laer kognitiewe vlak.
- bevat veral wie-, wat- en waar-vrae.
- kan antwoorde in volsinne vereis.
- kan antwoorde in die vorm van eenvoudige verhalende paragrawe wees (waarvoor 'n skema gegee kan word, indien nodig.)
- bevat visuele en stimulusmateriaal
- bevat ook die opdrag om praktiese werk te doen soos die maak van voorwerpe, ens.

Vrae vir die SG behels die volgende:

- Eenvoudige reproduksie- en denkvrae;
- Hoekom-, waarom-, vergelyk- en selekteervrae;
- Vrae wat paragraafantwoorde vereis;
- Vrae wat 'n verhalende opstel en 'n mate van logiese uiteensetting en redenasie vereis ('n Skema word gegee);
- Kaart-, spotprentinterpretasie, ens.;
- Vrae wat verbeelding vereis en bewys van kreatiewe denke.

Die HG-leerling moet vrae beantwoord wat 'n uitdaging aan hulle stel,dit wil sê vrae wat

- kortvraag, sin-, paragraaf- en opstelantwoorde vereis wat begrip en insig moet toon (toepassingsvrae). Die leerling moet die geleentheid kry om logies te redeneer.
- selfstandige naslaanwerk en navorsing vereis (Die bronne word gegee).
- denke ontlok en selfs na die abstrakte neig.
- by die waar/onwaarvrae 'n keuse en 'n motivering vereis.
- 'n verskeidenheid soorte vrae bevat.

Afsonderlike werkopdragte word vir elke Graad opgestel. Dié van die LG sal bestaan uit afdeling A en B, dié van die SG uit afdeling A, B en C en dié van die HG uit afdeling A, B, C en D. Differensiasie geskied dus deur middel van die vlak van die vraagstelling en die indringendheid van die antwoord en nie op grond van die soort vrae alleen nie. Ook die LG-leerling moet leer om te dink, te verstaan en probleme op te los.

Die leerlinge in die Laergraad begin by die eerste vraag van afdeling A, die Standaardgraad by afdeling B en die Hoërgraad by afdeling C. As die leerling die vrae van die afdeling waarmee hy begin het, voltooi het, gaan hy outomaties aan met die vrae van die volgende afdeling totat die tyd verstreke is. Vir dié doel is daar 'n afdeling D waarmee die begaafde HG-leerling sal kan aangaan, en waardeur ook hy verder uitgedaag word.

Ter wille van toetsing en eksaminering sal die leerling egter die afdeling *waarmee hy begin het* (bv. SG, afdeling B) by die huis moet voltooi *indien hy dit nie in die klas afgehandel het nie*, wat onwaarskynlik behoort te wees.

Verder sal die SG-leerling afdeling A en die HG-leerling afdeling A en B self moet voorberei voor toetse en eksamens om hulself te toets of hulle alle relevante feite ken en beheers. Omdat die vrae makliker is as die vrae waarmee hulle begin het, behoort hulle geen probleem daarmee te ondervind nie.

Differensiasie sal dus nie alleen by die verskil in *moeilikheidsgraad* berus nie, maar ook by die verskil in *volume* werk wat gelewer word.

As die onderwyser wil indiwidualiseer kan hy 'n leerling by enige vraag in die werkopdrag laat begin.

Wanneer die leerlinge aan die werk is, beweeg die onderwyser tussen hulle deur om waar nodig hulp te verleen;

- Die HG-leerlinge word gelei in metodes van selfstandige navorsing en die vaardighede in dié verband (indiwidueel of in groepverband).
- Die SG-leerling word waar nodig gehelp - die les is per slot van rekening op hulle vlak aangebied.
- Die LG-leerlinge word indiwidueel gehelp of daar word in klein groepies na-sorg gedoen. Tydens so 'n bespreking word 'n saak wat nog onduidelik is weer verduidelik.

WERKOPDERAG 1 STANDERD 8

DIE FRANSE REWOLUSIE

A. 1. Wanneer begin die Franse Rewolusie?....................
2. Ander woorde vir 'n absolute koning is.................. of...............................
3. Die vrou van Louis XVI was..................................
4. Die State-Generaal in Frankryk was laas in............ (jaar) byeen
5. Omdat daar nie 'n State-Generaal was nie, kon die koning nie...................................................(2)
6. Die Engelse koloniste in Noord-Amerika het hul koning afgesweer, hoofsaaklik as gevolg van die .......................................
7. Hulle veg om vryheid gedurende die...................... -oorlog, vanaf 1776. (Kyk vr. 6)
8. Die drie magte wat 'n staat besit is die wetgewende ........................en......................mag
9. Belastinggaarders is nie aangestel nie, maar............

B. 10. Wat verstaan jy onder die term rewolusie soos dit in Frankryk plaasgevind het? (4)
11. Noem die leuse van die Franse Rewolusie (3)
12. Die oorsake van dié Rewolusie lê op die politieke, maatskaplike en ekonomiese terrein waarvan die ...............oorsake die belangrikste en die grootste bydrae gelewer het.
13. Waarmee het politieke, ekonomiese en maatskaplike oorsake te doen?
14. Verklaar die gedagte van die Goddelike Reg van Konings. (2)

19

15. Hoe was die *lettre de cachet* n bewys van die mag van die koning? (2)
16. Die paleis van die koning was te................(plek).
17. Wat is tolbelasting en hoe het dit tot die uitbreek van die Franse Rewolusie bygedra? (3)

C. 18. Waarom word die Franse Rewolusie beskou as een van die belangrikste gebeurtenisse in die Geskiedenis van Europa? (3)
19. Wat verstaan jy onder die term
19.1 Ou orde of *l'ancien regime.* (2)
19.2 Reaksionêr? (2)
20. Omskryf in ń paragraaf elk van die volgende begrippe: 20.1 Liberalisme (2)
20.2 Rasionalisme (2)
21. Wanneer word 'n koning 'n verligte despoot genoem? (2)
22. Noem twee lande wat teen die einde van die 18de eeu deur 'n verligte despoot regeer is. (2)
23. Watter lande het in dié tyd reeds 'n parlement gehad? (2)
24. Watter Franse generaal het aan die kant van die Amerikaners teen Engeland geveg?
25. Watter hoofperiode in die Geskiedenis begin met die Franse Rewolusie?

D. 26. Die toestand in Europa was oral ongeveer dieselfde. Waarom het die Rewolusie dan juis in Frankryk begin? (3)
27. Wie was die bourgeoisie in Frankryk? (4)
28. Verklaar die gebeure om die ontbinding van die State-Generaal in 1614.
29. Wat het die feodale stelsel wat na die Middeleeue terug dateer, met die Franse Rewolusie te doen
30. Skryf 'n opstel waarin duidelik blyk wat die toestand op politieke gebied was, en hoe dit tot die Franse Rewolusie bygedra het. (40)

L.W. *Enige vraagtipe kan gebruik word soos paragrawe, visuele materiaal, diagramme, paringsitems, kaartwerk, ens.*

F. EKSAMINERING

*Onthou-* die vrae in die werkopdrag, voor die plek waar die SG - en HG - leerlinge begin het, behoort deur hulle in die vorm van hersiening gedoen te word. Dit sal waardevolle basiese kennis bevat wat sal help om die moeilike vrae te verstaan.

1. 'n *Afsonderlike toets- en eksamenvraestel* sal vir elk van die drie vlakke opgestel moet word, gebaseer op die vyf afdelings soos in die diagram aangetoon en *na voorbeeld* van die toetsvrae wat hier onder voorkom.
*Die LG-leerlinge beantwoord
- die vrae uit Afdeling A (wat uit die werk kom wat as basiese feitekenis by die huis beantwoord is.)
- Afdeling B wat vrae bevat wat op die basiese feite gebaseer is of nou daarmee in verband staan.
- sover as wat hulle kan kom van die vrae uit Afdeling C.

Die LG-leerling kan dus goed slaag indien hulle basiese feite, asook die feite wat nou daarmee in verband staan, ken

*Die SG-leerling beantwoord
- Afdeling B.
- Afdeling C.
- sover as moontlik van die vrae uit Afdeling D. In die vraestel word die drie afdelings as Afdeling A,B en C aangetoon.

*Die HG-leerling beantwoord
- Afdeling C.
- Afdeling D.
- soveel as moontlik van die vrae uit Afdeling E.
In die vraestel word die drie afdelings as Afdeling A, B en C aangetoon.

TOETS: DIE FRANSE REWOLUSIE

A. 1. Die Franse wette en regstelsel kon nie geregtigheid laat geskied nie, omdat daar ................................
2. Die belastings wat op die Franse gelê is, was (gelyk/omtrent gelyk/ongelyk). (Kies die regte antwoord.)
3. Voor die Rewolusie was Frankryk 'n abosulute koningskap. Wat beteken dit?



B. 4. Toon Frankryk op die kaart aan deur die land te kring en benoem sy hoofstad.
5. Wat was die leuse van die Franse Rewolusie?
6. Wie was die koning en koningin van Frankryk toe die Rewolusie uitgebreek het?
7. Wat was die vernaamste rede waarom die State-Generaal na soveel jare weer byeengeroep is?
8. Wanneer begin die Franse Rewolusie? Toon die datum met 'n pyl op die tydlyn aan.

C. 9. Omskryf die betekenis van die woord ''rewolusie'' soos dit in Frankryk plaasgevind het.
10. Deur die jare het die ontevredenheid in Frankryk toegeneem, veral op drie terreine naamlik die politieke,...................en.........................terrein.
11. Die staatsgesag is na die Rewolusie in drie magte verdeel naamlik die...................., ...................en ...............................mag.
12 1 Uit watter bevolkingsgroep kom die leiers van die Rewolusie?
12.2 Waarom kom hulle uit die groep?





13. Waarmee het die Rewolusie die volgende kenmerke van voor die Rewolusie vervang?
Alleenheerser (vervand deur)...................................
Standverskille (vervang deur)..................................
Tolgrense (vervang deur)..........................................
Belasting deur die Derde Stand (vervang deur).........

D. 14. Hoe het die koningspaar se optredes gedurende die Rewolusie die opstand aangehelp?
15. Noem en bespreek die drie faktore wat die grootste bydrae tot die bankrotskap van Frankryk gelewer het en motiveer jou antwoord.
16. Bespreek die uitwerking van die koringmisoes van 1787 - 1788 op die toestande in Frankryk.
17. Bespreek die werk van Montesquieu onder die volgende opskrifte:
* Sy boek "Die Gees vand die Wet"
* Sy verdeling van regeringsmagte

E. 18. Bespreek die gevolge van die styging van salarisse en lewenskoste soos geilustreer in die diagram.

19. Wat verstaan jy onder "die nuwe denkbeelde van die rasionalisme"?

HIER HET ONS TE DOEN MET DIE DIFFERENSIASIE TEN OPSIGTE VAN INHOUD




2. Die totale punte van elke afdeling van die vraestel is dieselfde nl. 33 punte. Omdat leerling uit elke graad drie afdelings moet beantwoord - die

LG beantwoord afdeling A B C (soos voorgestel in die diagram)
SG beantwoord afdeling B C D (soos voorgestel in die diagram)
HG beantwoord afdeling C D E (soos voorgestel in die diagram) -

kom die totaal op 99 punte te staan waarby 1 punt gevoeg kan word vir 'n aspek wat die onderwyser goedvind.

Omdat paragraaf - en opstelantwoorde gewoonlik meer punte tel of meer aspekte het waarvoor punte gegee moet word, sal die onderwyser moontlik halfpunte aan elke korrekte feit moet toeken.

Leerlinge kan dus amper deur die punte van een afdeling slaag (33%) en kan reeds 'n C-simbool met die goeie beantwoording van twee afdelings verkry, maar kan alleen onderskeiding behaal indien voldoende punte vir die beantwoording van die vrae uit die derde afdeling verkry word. (Omdat net die LG afd. A en net die HG afd. E beantwoord kan die puntetotaal van die twee afdelings aangepas word.)

HIER HET ONS TE DOEN MET DIFFERENSIASIE TEN OPSIGTE VAN VRAAGSTELLING

3. Punte toegeken vir insig.
Dit word seker algemeen aanvaar dat die doel van eksaminering in Geskiedenis nie net is om die leerlinge se vermoë te toets om feite te memoriseer nie, maar veral om te oordeel of die leerling, volgens sy vermoë, in staat is om begrip en insig in sy antwoorde te toon. Daarom behoort spesiale punte toegeken te word waar 'n leerling insig toon. Dit is dus beter om 'n antwoord uit 10 so na te sien dat, afhangende van die tema en vraag, 'n sekere deel van die punte aan die feitlikhede en 'n ander deel aan die leerlinge se beheersing van die historiese gebeure toegeken sal word.

By die HG sal veral nagegaan word of *insig* getoon word, by die SG veral of leerling *begrip* het (begryp) en 'n mate van insig toon, en selfs by die LG kan 'n leerling punte byverdien as hy in sy antwoord toon dat hy die gebeure verstaan.

HIER HET ONS TE DOEN MET DIFFERENSIASIE TEN OPSIGTE VAN PUNTETOEKENNING

4. Die tyd waarbinne die vraestelle voltooi behoort te word, sal ook verskil. Die tyd kan nie vir al drie dieselfde wees nie, en ook nie presies in verhouding nie - dit moet aangepas word by die tipe vrae en die vermoëns van die leerlinge, bv.

LG - 3/4 tot 1 uur
SG - I tot 1 1/4 uur
HG - 1 1/4 tot 1 1/2 uur

Die paragraaf en opstelvraag neem meer tyd in beslag, veral en te meer as insig getoets word.

HIER HET ONS TE DOEN MET DIFFERENSIASIE TEN OPSIGTE VAN TYD

ONTHOU - die doel met differensiasie, en veral met individualisasie is om elke leerling te stimuleer om optimaal te presteer.

